AFRIKAANS HERSIENING: KWARTAAL 1 - 2020

Kry jou werkboeke op datum: sorg dat alle notas netjies bymekaar is.

Hersien die werk van die eerste kwartaal.

Lees die roman of drama wat julle in die eerste kwartaal behandel het. Maak jou eie opsommings van dit wat jy gelees het. Hersien jou notas oor die roman of drama en werk eksamenvrae daaroor uit.

Lees ook solank die voorgeskrewe werk wat julle in die tweede kwartaal gaan behandel.

Hersien die gedigte wat in die eerste kwartaal behandel is. Gaan na of hierdie gedigte alreeds in vorige eindeksamenvraestelle getoets is en werk daardie eksamenvrae uit.

Huistaalleerders kan die notas oor Taalstrukture wat in die boekie *Hersiening 2019* voorkom, bestudeer. Werk ten minste een volledige Leesbegripvraag en een Opsomming uit.

Doen voorbereiding vir die eerste formele assesseringstaak wat jy in die tweede kwartaal moet doen:

Graad 10 & 11 EAT:	Besluit oor ’n onderwerp vir die Voorbereide toespraak en doen navorsing daaroor. Berei ook solank jou sleutelkaartjies voor.
Graad 12 EAT:	Besluit oor ’n onderwerp vir die Voorbereide toespraak en doen navorsing daaroor. Berei ook solank jou sleutelkaartjies voor.
Graad 10 & 11 HT:	Kies enige leesstuk en oefen hardoplees. OF Besluit oor ’n onderwerp vir die Voorbereide toespraak en doen navorsing daaroor. Berei ook solank jou sleutelkaartjies voor.
Graad 12 HT:	Doen voorbereiding vir die kontekstuele vrae en literêre opstel wat jy gaan skryf. Jy moet die inhoud van die voorgeskrewe werk deeglik ken en verstaan wat met die literêre begrippe bedoel word. Wat die kontekstuele vrae betref, moet jy veral seker maak dat jy die stapelvrae (vrae wat 3 of meer punte tel) deeglik lees, die kernwoorde onderstreep en al die onderafdelings beantwoord.

Sorg dat jy leesfiks bly: lees ten minste een boek of ’n reeks tydskrifartikels per week. Skryf kort opsommings van die boeke of artikels wat jy gelees het.

Vir EAT-leerders en TAT-leerders: skryf elke week ten minste vyf nuwe woorde of uitdrukkings wat jy geleer het, neer. Soek die betekenis daarvan op deur woordeboeke te gebruik of kontak jou onderwyser. Skryf dan die betekenis langs elke woord of uitdrukking neer.

Om te verseker dat jou skryfvaardigheid ontwikkel, kan jy Dagboekinskrywings van jou ervaringe tydens een week gedurende die vakansie maak.